7 EK EN MY HUWELIKSMAAT

7.1 MY HUWELIKSVOORWAARDEKONTRAK (HVK)

Ten einde te bepaal waar 'n pakketbelegging in jou huweliksgoederebedeling ingevolge jou huweliksvoorwaardekontrak inpas, is dit belangrik om kennis te dra van die opstel en implikasies van die HVK self. Verder moet dit saamgelees word met die bespreking van egskeiding (afdeling 7.2), insolvensie (hoofstuk 8) en veral boedelbeplanningslaggate (afdeling 6.3). Dit is 'n feit ('n gegewe) dat jou huweliksgoederebedeling, en veral die grootte van jou boedel (en dié van jou gade) asook jou gesinsamestelling, sal bepaal in wie se naam(e) jou pakket belê gaan word.

Verder is dit belangrik vir diegene wat nog gaan trou (of weer gaan trou) om seker te maak dat hierdie pakket beskerm word in 'n goed opgestelde HVK. Ja, beskerm jou pakket.

HOE OM JOU HUWELIKSVOORWAARDEKONTRAK OP TE STEL

Ons gaan trou, waar moet ons teken? Mense, veral jong mense, trou baie verlief en wil hulle HVK so gou moontlik teken om dit agter die rug te kry. Jong mense (baie naïef) sien dit as 'n emosionele dokument – iets soos 'n liefdesverklaring, want hulle gaan mos nooit skei nie. Húlle saamwees is uniek. Tog skei een uit elke twee mense (50%), oftewel 75% as tweede, derde en vierde huwelike bygetel word. 'n HVK moet as 'n suiwer finansiële ooreenkoms beskou word en opgestel word met die oog op skei vanweë die hoë risiko – veral wanneer die aanwasbedeling ingesluit is.

Ingevolge die Romeins-Hollandse reg erken Suid-Afrikaanse wetgewing nie saamwoonverhoudings nie en word die huwelik as basis vir wetgewing beskou. Is dit daarom nie ironies nie dat die wet nie die party in die huwelik

beskerm wat getroud wil bly nie (nie wil skei nie)? Daarenteen word die 'krimineel' in die verhaal (huwelik) dikwels ryklik beloon en beskerm.

Teen die tempo waarteen huwelike deesdae verbrokkel, is dit byna ondenkbaar dat die moontlikheid van 'n egskeiding en die finansiële gevolge daarvan nie in die HVK hanteer word nie. Sodra daar dan wel 'n egskeiding kom, is 'n skikking (rakende die verdeling van bates) buite die hof 'n baie moeilike taak. Liefde verander in haat en meestal probeer die een party die ander finansieel vernietig. In hierdie stadium is dit reeds te laat vir redelikheid.

HOE BELANGRIK IS MY HVK?

Jou HVK is die belangrikste dokument wat 'n getroude persoon in 'n leeftyd sal teken. Dit bepaal en beïnvloed alle finansiële besluite wat jy vir die res van jou lewe sal neem. Net so bepaal dit alles wat jy met jou besittings wat jy oor 'n leeftyd bymekaargemaak het, mag doen. Dit is veral die spesifieke huweliksgoederebedeling wat jy kies wat jou finansiële toekoms gaan beïnvloed – veral as jy sou skei (of jou gade jou sou skei).

Persoonlike geldsake staan hoofsaaklik op drie bene, naamlik die bymekaarmaak van bates, die beskerming van bates en die oordrag van bates. Jou HVK beïnvloed al drie hierdie aspekte direk.

Mense is bekommerd oor die risiko rondom beleggings. Hulle sal byvoorbeeld moeite doen om 'n minder riskante effektetrust (5% laer risiko) te kies of 'n aandeel met 'n hoër opbrengs. Is dit nie skokkend nie dat mense 'n HVK blindelings teken terwyl daar 'n 50%-kans bestaan dat hulle 'n groot gedeelte van hul besittings binne die volgende sewe jaar kan verloor sou hulle skei. Ja, beleggingsrisiko is 'n grap in vergelyking met die risiko's rondom jou HVK.

Selfs jou loopbaan word direk deur jou HVK beïnvloed. Jy wil byvoorbeeld jou huis met 'n verband beswaar ten einde 'n besigheid te koop of 'n beleggingsgeleentheid te benut. Die huis word ingevolge jou HVK ook deur jou gade besit en jy benodig die gade se handtekening ten einde 'n lening te bekom. Die gade weier volstrek (het ander planne) en daar sit jy.

Net so beïnvloed jou HVK toekomstige boedelbeplanningsgeleenthede en -beperkinge.

WAAR ONTSTAAN DIE PROBLEEM?

Natuurlik ontstaan die probleem op skool, waar duisende oningeligte jongmense die lewe betree. Hierdie lewensvaardigheid behoort as deel van persoonlike finansiële kennis aan jongmense oorgedra te word. Die belangrikste lewensvaardigheid van jongmense is immers kennis omtrent persoonlike geldsake.

WAT IS DIE PROBLEEM?

Eerstens weet jongmense of mense wat trou meestal niks rakende die belangrikheid van hul HVK of die finansiële implikasies wat dit vir hulle inhou en kan inhou nie. In hul verliefde toestand word hul HVK geteken asof dit 'n verjaarsdagkaartjie is. Hulle beskou die teken daarvan as bloot 'n roetine- of administratiewe aangeleentheid rondom hul verliefdheid.

Tweedens vind diegene (of baie min van hulle) wat wil trou ook nie vooraf uit watter huweliksgoederebedelings bestaan en watter finansiële gevolge dit gaan inhou nie.

Derdens moet die prokureur waar jy jou HVK vinnig teken, die geld betaal en vinnig die kantoor verlaat, eintlik die verskillende huweliksgoederebedelings aan jou verduidelik nog lank voordat jy gaan teken. In baie gevalle word die indruk geskep dat mense maar in elk geval die aanwasbedeling insluit. Só gesê, só gedaan.

Vierdens weet baie getroudes nou nog nie dat die aanwasbedeling in elk geval deur die wet ingesluit word as jy buite gemeenskap van goed trou nie, tensy jy dit uitdruklik uitsluit. Niemand vertel hulle dit nie, soos gesien kan word aan die talle hofaansoeke van egpare wat hul HVK wil verander omdat hulle nie geweet het dat jy die aanwasbedeling kan uitsluit nie.

Vyfdens word die gevare rondom die aanwasbedeling in die geval van skei ook nie aan die partye uitgewys nie, hoofsaaklik omdat dit goedkoop of gratis finansiële advies sou beteken.

Sesdens beland ewe naïewe, goedbedoelende ouers se bates en beleggings ook onwetend en onskuldig binne hierdie aanwas, wat 'n groot finansiële verlies vir sulke ouers kan beteken.

Die grootste gevaar is die onbuigsaamheid van wetgewing rondom skei omdat jou HVK ook direk bepaal hoe jy gaan skei – iets wat min mense besef. Nou waarom sal jy jou dan nie reeds nou al teen skei in jou HVK ('n suiwer finansiële ooreenkoms) beskerm nie?

Moet nooit dink dat jy in die geval van skei ('n 50%-kans) met 'n onskuldige en verliefde persoon te doen gaan kry wat soos 'n Godvresende gaan optree nie. Jy gaan in 90% van die gevalle met 'n persoon te doen kry wat uit sy/haar prokureur se kantoor aangehits word om elke moontlike skuiwergat in die wet teen jou te gebruik.



Die een party (eglid) kan weier om te skei totdat daar aan bepaalde finansiële eise voldoen is, ongeag die onredelikheid van sulke eise. Sou hofsake volg, kan 'n onskuldige eglid naderhand vanweë die geweldige regskoste gedwing of afgepers word om toe te gee en byvoorbeeld 'n bepaalde eiendom af te staan. Dit is veral moontlik waar 'n onskuldige eglid nie meer met die emosionele eise rondom skei kan volhou nie – dikwels vanweë werkverpligtinge.

KONTRAKBREUK IS HIER WETTIG

Waar kontrakbreuk elders in ons alledaagse handelinge 'gestraf' word deur middel van wetgewing, is kontrakbreuk hier sommer baie wettig. Die wet sal

jou ryklik daarvoor beloon as jy die 'regte' prokureur kies en boonop gewetenloos, gevoelloos en geldgierig is.

DIE KERK IS KRAGTELOOS

In die geval van skei kan jy jou nie op die kerk beroep nie, al het beide van julle as deel van jul kerklidmaatskap belowe om julle aan die gesag van die kerk te onderwerp. Ek ken selfs 'n predikant wat dieselfde twee persone nou reeds vier keer in die eg verbind het – die vierde keer met mekaar. Vandag se kerke trou mense, maar het meestal geen probleem met skei nie – in teenstelling met die kerk van so 'n klompie jaar terug.

DIE DOEL VAN 'N HVK

'n HVK word opgestel om onder meer te bepaal wat die partye tans besit; te reël hoe bates oor 'n leeftyd bymekaargemaak gaan word; en die eksekuteur te help om die boedel van 'n eglid na laasgenoemde se dood te beredder. Net so moet die HVK die prokureur of advokaat help indien die huwelik sou verbrokkel ten einde te bepaal waarop elke eglid geregtig is al dan nie. Tensy spesifieke reëlings in die HVK getref word (deur dit daarin te spesifiseer), sal rigiede wetgewing bepaal wat tydens skei (en 'n leeftyd daarna) met die onskuldige party se besittings sal gebeur. Hierdie wetgewing hou dikwels rampspoedige finansiële gevolge in.

WIE MOET DIT OPSTEL?

Dit moet deur 'n prokureur opgestel word. Wanneer 'n paartjie wil trou, besoek hulle gewoonlik die naaste prokureur wat veronderstel is om hulle volledig in te lig oor die finansiële implikasies wat die onderskeie huweliksgoederebedelings inhou.

Ongelukkig gebeur dit selde, soos gesien kan word aan die talle hofaansoeke van egpare wat hul huwelikskontrak wil verander omdat hulle byvoorbeeld nie geweet het dat hulle die aanwasbedeling kan uitsluit nie.

TIPES HUWELIKSGOEDEREBEDELINGS

Die wet vereis dat ons trou volgens 'n bepaalde huweliksgoederebedeling (stelsel) wat ons self moet kies. Hierdie huweliksgoederebedeling word geregistreer en aangedui in 'n huweliksvoorwaardekontrak.

- Persone wat wil trou kan binne gemeenskap van goed trou waarna hulle alle bates en laste gelykop (50/50) deel en besit vir die res van hul getroude lewens.

  Dit is belangrik om te weet dat die spesifieke huweliksgoederebedeling wat jy kies sal bepaal of jy toestemming van jou gade nodig het om bepaalde handelinge te verrig. Vir 'n huwelik binne gemeenskap van goed het jy vir sekere handelinge met goed geen toestemming nodig nie (bv wanneer jy genoteerde aandele verkoop ten einde ander te koop, vir 'n deposito in jou eie naam, of wanneer jy bouverenigingaandele in jou eie naam verpand, vervreem of sedeer). Vir ander is informele (mondelinge) toestemming nodig (wanneer jy meubels en los goed van die gemeenskaplike boedel verkoop of verpand, of geld vervreem wat aan die ander eglid of die gesamentlike boedel behoort), en vir ander is skriftelike toestemming nodig (om met onroerende goed van die gesamentlike boedel te handel, om kontrakte rakende die onroerende goed te sluit, vir finansiële beleggings van die ander party of van die gesamentlike boedel maak, wanneer jy as borg optree, wanneer jy as koper ingevolge die Wet op die Vervreemding van Grond optree, of wanneer jy as kredietopnemer 'n kredietooreenkoms sluit).
- Tweedens kan jy buite gemeenskap van goed trou met uitsluiting van die aanwasbedeling. Hiervolgens besit elke eglid (man of vrou) vir altyd sy/haar bates en het sy/haar eie laste. Hierdie stelsel word ten sterkste aanbeveel omdat die talle verskuilde probleme rondom die aanwasbedeling hierdeur uitgeskakel word.
- 'n Derde stelsel is 'n huwelik buite gemeenskap van goedere met insluiting van die aanwasbedeling.

  Die aanwasbedeling is van toepassing op alle huwelike gesluit na 1 November 1984. Persone wat dus nog gaan trou, het 'n keuse. Hulle kan buite gemeenskap van goed met die insluiting van die aanwasbedeling (wat outomaties plaasvind) trou, of buite gemeenskap van goed met uitsluiting van die aanwasbedeling (wat hulle uitdruklik in hul HVK moet bepaal). Dit is belangrik dat elke huweliksvennoot 'n lys maak van die bates en laste in die HVK wat aan hom of haar self (alleen) behoort en nie deel van die aanwasbedeling vorm nie.

Hier is voorbeelde van 'n paar slaggate waarin 'n mens kan trap:

- Mnr A (wat 'n groot boedel het) en mev B (wat net 'n motor besit) trou en

sluit die aanwasbedeling in. 'n Maand daarna kom haal mev B se minnaar haar en dit loop drie maande later op 'n skeisaak uit. Mnr A het egter tydens hul wittebrood 'n eiendom van R1 miljoen bekom. Mev B is nou geregtig op die helfte van die aanwas van hul boedel, naamlik R500 000, en mnr A moet dit aan haar uitbetaal.

- Mnr C (baie bates) en mev D (geen bates nie) trou binne die aanwasbedeling. Hy lys sy bates in sy HVK en gee die waarde daarvan aan as R500 000. Hy maak egter nie gebruik van 'n geswore waardeerder nie. Die werklike waarde beloop R1 miljoen. Mev D is 'n geldjagter en ses maande later skei hulle. Die wet sê dat mev D nou geregtig is op die R500 000 waarmee mnr C sy boedel onderwaardeer het, ongeag of hy in staat is/was om die waarde te skat en ongeag waar hy nou die geld gaan kry. Onthou dat onkunde oor die wet (volgens die wet) geen verskoning is nie.
- Mnr E (min bates) en mev F (drie plase wat sowat R200 000 werd is) trou met insluiting van die aanwasbedeling. Mev F sterf en die plase is teen dié tyd R500 000 werd. Die wet bepaal nou dat daar R300 000 (R500 000 minus R200 000) groei in mev F se boedel was en dat die helfte daarvan (R150 000) aan mnr F betaal moet word. Die boedel is ongelukkig nie likied genoeg nie (dit het nie genoeg fondse of kontant nie) en al drie plase moet in baie onseker tye vir R150 000 verkoop word. Haar bemakings is gevolglik waardeloos en haar twee kinders erf niks nie.

Vanweë die talle praktiese probleme word mense dus aangeraai om die aanwasbedeling noukeurig te evalueer voordat hulle trou.

JOU OUERS KAN ALLES VERLOOR AS JY SKEI

Ouers besef nie altyd dat hul bates by die egskeiding van hul kinders in die gedrang kan kom nie.

'n Pa skenk byvoorbeeld 'n gebouekompleks aan sy seun en skoondogter. Die kompleks bestaan uit 'n wooneenheid vir die ouers met 'n aangrensende winkel. Hulle kom mondeling ooreen dat die pa en ma lewensreg het op die woonplek (hulle kan daar woon tot en met hulle dood) en vruggebruik op die winkel wat verhuur word (hulle kan die huurinkomste gebruik om van te leef). Dit is al pensioen wat die ouers het.

Die seun skei vyf jaar later. Hy is buite gemeenskap getroud met insluiting van die aanwasbedeling. Die gewese skoondogter besluit om haar deel te eis –

onder meer die helfte van daardie geboue! Die pa en ma moet trek sonder hul pensioen, omdat die kompleks verkoop moet word om die skoondogter se helfte van die aandeel uit te betaal.

Vir al sulke gevalle kan in 'n HVK voorsiening gemaak word.

Hou egskeiding in gedagte in 'n suiwer finansiële ooreenkoms.

Enkele van die vernaamste aspekte wat in 'n HVK ingesluit behoort te word, word vervolgens kortliks bespreek:

- Alle eiendom (hoofsaaklik vaste bates, voertuie en meubels) word gelys met die markwaarde daarvan, soos deur 'n geregistreerde waardeerder bepaal, daarnaas. By huwelike buite gemeenskap van goed is laasgenoemde veral belangrik. Vir huwelike binne gemeenskap van goed moet daar bepaal word wie watter eiendom gaan behou en watter verkoop moet word en of die opbrengs tussen die egliede verdeel moet word. Dieselfde moet gebeur waar die aanwasbedeling ingesluit word (nie uitgesluit word nie) en toekomstige eiendom gevolglik ter sprake is.
- Daar moet bepaal word of toekomstige erfporsies deel van 'n egskeidingsooreenkoms sal vorm al dan nie. Daar word aanbeveel dat alle toekomstige erfporsies (hetsy bates, of inkomste wat op bates of beleggings verdien word) in geheel uitgesluit word wanneer bates verdeel moet word tydens huweliksverbrokkeling. Sluit verder in dat nie eens inkomste (wat op een of ander wyse geërf word) in berekening gebring kan word vir die bepaling van enige onderhoudseis tydens 'n egskeiding nie. Ouers moet dieselfde in hulle testamente bepaal rakende erfporsies wat hulle kinders mag toeval.
- Besluit wie die voog van een of meer kinders sal wees (indien beide op daardie stadium 'n werk het). Toekomstige regskoste word sodoende uitgeskakel.
- Bepaal verder of daar enige onderhoud aan die gade betaal sal word al dan nie. Daar word aanbeveel dat enige moontlike eis om toekomstige onderhoud reeds op hierdie stadium stopgesit word. Moet nooit toelaat dat 'n R1-klousule deur die gade ingesit word nie. Hierdie bedrag kan een enkele dag na 'n egskeiding in die hof verhoog word tot etlike duisende rande.
- Voeg ook in of die man verantwoordelik gaan wees vir die vrou se mediese koste (ook andersom) al dan nie en vir watter periode. In 'n skeisaak is 'n vrou nie meer 'n afhanklike ingevolge mediese fondse nie en hoef gevolglik nie meer op die man se mediese fonds te bly nie, tensy sy medies ongeskik

is. Baie vrouens roei mans uit (of andersom) nadat hulle toegelaat is om op dié se 'mediese fonds' te bly, omdat die hele apteek en 'alle' dokters en operasies nou tot hulle beskikking is.

- Bepaal hoe toegang tot kinders sal geskied. Kies vrye toegang gedurende die week (met die nodige reëlings), toegang elke tweede naweek asook elke alternatiewe lang en kort vakansie. Sodoende word verhoed dat kinders in die toekoms deur een of albei die egliede as 'n emosionele speelbal gebruik kan word.
- Dui aan dat geen gade in geval van skei geregtig sal wees op enige polis van die ander party nie (tensy daartoe bygedra is) en dat geen polisse aan kinders (vir hulle opvoeding) sedeer of in stand gehou hoef te word nie. Sodoende kan die man (dit is gewoonlik die man) 'n meer 'normale' lewe ly as wanneer hy gedwing word om met minder geld aan hoër finansiële eise te voldoen.
- In geval van skei sal geen party op enige belegging van die ander party geregtig wees nie, al sou dit oënskynlik vir hul kinders se opvoeding aangewend word. Die kinders sal ook op geen belegging geregtig wees nie. Voeg hierdie paragraaf in.
- Dui aan dat 'n redelike onderhoud (ingevolge wetsbepalings) vir die kinders se onderhoud betaal sal word. Hierdie onderhoud moet aangedui word as 'n persentasie van die man se netto inkomste (na redelike aftrekkings). Dui verder aan hoe hierdie netto inkomste bereken sal word en bepaal verder dat die egliede 50/50 in die redelike koste rondom die onderhoud van kinders sal deel – natuurlik net dit wat 'n party op grond van sy/haar netto inkomste kan bekostig. Bepaal dat die besteding (aanwending van onderhoud) deurgaans getoon moet word.
- Kinders sal outomaties op enige bestaande mediese fonds bly. Hier is seker een van die grootste probleme vir die party op wie se mediese fonds kinders bly en wat nie toesig oor die kinders het nie. Ons praat hier van waar die ander ouer wel finansiële verpligtinge nakom. Mediese voorsiening kan totaal misbruik word en enige apteekkoste, terapeute (nodig al dan nie) en koste insluit wat 'n mediese fonds nie dek nie. Jy gee net die ander party se naam en mediese fonds-nommer op en maak dan soveel nodige en onnodige mediese skuld as jy wil en jou vorige eglid kry die rekenings.
- Dui aan wie die voog vir die kinders sal wees – 'n baie emosionele saak op 'n latere stadium. Dit voorkom dat kinders gebruik en misbruik word vir

finansiële gewin – iets wat dikwels gebeur en deur gebrekkige wetgewing toegelaat word.

- Bepaal wie vir die regskoste aanspreeklik sal wees. Dit is raadsaam om te bepaal dat die regskoste (skeikoste) gelykop verdeel sal word indien 'n skikking buite die hof binne 30 dae bereik kan word. Andersins kan die een party weier om enige regskoste te betaal of op 'n onredelike wyse die regskoste verhoog. Hierdie bedrag behoort in die geval van 'n skikking buite die hof nie meer as R3 000 in totaal te beloop nie. Sou een prokureur oor baie maande of verskeie prokureurs geraadpleeg word vir advies, kan hierdie bedrag tienduisende rande beloop – selfs al word daar buite die hof geskik. Net so kan daar ook bepaal word dat die party wat wil skei alle regskoste sal betaal.
- Bepaal ook dat meubels wat by ouers geleen is nie deel van 'n skei-ooreenkoms sal uitmaak nie. Sodoende kan een eglid nie sonder meer meubels wat aan skoonouers behoort op 'n bakkie laai en gaan verkoop of elders gaan stoor nie. Teken dus 'n gesamentlike leenooreenkoms gedurende jul getroude lewe.
- Daar word dikwels geld by ouers geleen vir 'n bepaalde projek wat kinders wil aangaan. Dit is belangrik om te bepaal dat indien beide die egliede teken vir só 'n lening (bv om 'n huisverband gedeeltelik af te betaal), beide verantwoordelik gehou moet word vir die terugbetaling van só 'n lening in geval hulle sou skei. Bepaal dit vooraf, want later kan die een (geldgierige) eglid blootweg weier en die ander eglid in groot finansiële moeilikheid dompel.
- Bepaal verder dat waar 'n vaste eiendom gesamentlik besit word en egliede sou skei, die ander party (wat nie die verbandpaaiemente help betaal het nie) verantwoordelik sal wees vir die terugbetaling van die helfte van hierdie paaiemente (wat reeds betaal is). Dit is nou waar die eiendom op 'n 50/50-grondslag besit word, tensy die ander eglid byvoorbeeld 'n soortgelyke finansiële bydrae gemaak het.

Seker die grootste vraag waarmee ons vandag sit as dit kom by die opstel van die HVK is juis of dit kort en of dit lank (in groot detail) moet wees. Prokureurs stel voor (en dit is baie waar) dat hoe korter en eenvoudig 'n HVK opgestel word, hoe 'makliker' werk dit by dood of huweliksontbinding. Daar is egter twee probleme vir diegene wat 'n HVK wil opstel:

- die aanwasbedelingstelsel
- 'alle' skeiwette

Die aanwasbedeling was eintlik bedoel om diskriminasie (soos in die verlede) teen die vrou te beëindig. Ongelukkig is die praktiese toepassing daarvan (veral tydens skei en dood) die grootste mensgemaakte sirkus op aarde – bly ver weg daarvan en waarsku jou kinders, veral vanweë die onverdeelbaarheid van bates en die oproep van beleggings ten tye van skei. Om nie eers te praat van wie se bates of beleggings dit nou eintlik was nie.

Ja, net soos 'n HVK opgestel moet word ter wille van finansiële reëlings ná 'n eglid se dood, net so behoort dit opgestel te word vir die moontlikheid dat 'n huwelik wat in goeie trou begin is, in die skeihof kan eindig. Beplan vroegtydig jou HVK en raak betrokke by die beplanning daarvan wanneer jou kinders trou!

Beskerm jouself teen

- jouself
- jou gade
- jou familie
- jou skoonfamilie
- derde partye (huwelik)
- die landswette
- jou gade se insolvensie
- swak boedel-, inkomstebelasting- en loopbaanbeplanning

7.2 EGSKEIDING

Dit gebeur dikwels dat 'n persoon wat besig is om te skei 'n pakket ontvang. Die eglid eis dan gewoonlik die helfte van hierdie pakket as deel van die skikkingsooreenkoms. Soms is die egliede op die helfte van só 'n pakket geregtig, maar nie altyd nie. Die spesifieke huweliksgoederebedeling waarvolgens die persone (egliede) getroud is bepaal of 'n pakket tussen hulle verdeel moet word tydens skei. Vervolgens kyk ons na wanneer 'n pakket (oftewel pensioenvoordele) as deel van 'n persoon se bates beskou word vir doeleindes van verdeling tydens skei.

Sedert 1989 word pensioenvoordele as deel van 'n persoon se boedel beskou. Die gevolg is dat pensioenvoordele as deel van 'n persoon se bates beskou word vir verdeling in die geval van skei. In die volgende gevalle sal dié voordele ingesluit word by 'n skikkingsooreenkoms:

- 'n huwelik binne gemeenskap van goed

- 'n huwelik buite gemeenskap van goed met insluiting van die aanwasbedeling

In die geval van 'n huwelik buite gemeenskap van goed met uitsluiting van die aanwasbedeling word pensioenvoordele in die geval van skei

- nie as deel van 'n persoon se verdeelbare boedel (of aanwas) beskou nie
- uitgesluit van 'n skikkingsooreenkoms

Hierdie reëls geld vir pensioen-, voorsorg- en bewaringsfondse asook uittreeannuïteite.

8 INSOLVENSIE

Dit gebeur dikwels dat 'n persoon 'n pakket ontvang kort voor, tydens of ná insolvensie. Die vraag wat nou ontstaan is of hierdie pakket deel van die insolvente boedel gaan vorm al dan nie. Sowel die aard van die pakket (pensioenvoordele) as die tydstip waarop dit ontvang word, sal bepaal of dit deel gaan vorm van die insolvente boedel.

Waar 'n persoon reeds die enkelbedrag van pensioenvoordele ontvang het, sal hierdie bedrag deel uitmaak van die persoon se insolvente boedel. Die pensioen wat maandeliks deur die persoon of afhanklikes ontvang word vorm nie deel van die insolvente boedel nie.

Uittree-annuïteite vorm nie deel van 'n persoon se boedel nie en kan gevolglik nie deel uitmaak van skuldeisers se eise nie. Waar 'n belegger reeds die enkelbedrag ontvang het en daarna insolvent raak, sal dit wel deel van die insolvente boedel uitmaak. Dieselfde geld vir inkomste wat ontvang is voordat insolvensie ingetree het. Inkomste wat daarna ontvang is vorm nie deel van die persoon se boedel nie en sal deur die kurator van die insolvente boedel gebruik word om die persoon of afhanklikes te onderhou.

9 EMIGRASIE

Waar iemand 'n pakket ontvang en reeds besluit het om te emigreer, moet die pakket sodanig belê word dat dit die emigrasiedoelwit vergemaklik en help verwesenlik. Die pakket behoort nie belê te word voordat die vrae in die volgende bespreking bestudeer en beantwoord is nie. Die pakket moet gevolglik nie oorhaastig belê word voordat daar duidelikheid rakende die hele emigrasieproses en die koste daarvan verbonde verkry is nie. Onnodige beleggingskoste kan sodoende gespaar word asook foutiewe beleggings vermy word.

Die besluit om te emigreer is verreweg die ingrypendste besluit wat 'n Suid-Afrikaner kan neem. Dit is meestal dan ook 'n weldeurdagte besluit deur

iemand wat nie meer met onder meer die volgende gebeure in Suid-Afrika kan saamleef nie:

- toenemende geweld
- 'n gebrek aan vryheid om in veiligheid na plekke te reis
- kaping van motors
- voortdurende toesighouding oor kinders ná skool en op ander plekke
- dames veral is bang om saans rond te reis vanweë kapings en verkragtings
- die oënskynlike afwesigheid van wetstoepassing vir kapers en verkragters
- gewapende rooftogte
- die talle moorde op bejaardes
- moorde op boere
- gevaartoestande op paaie
- 'n baie hoë Vigsrisiko
- geen beleggersvertroue nie
- die toenemende daling in die waarde van die rand teenoor ontwikkelde lande se geldeenhede
- die nimmereindigende behoeftes van die massas waarvoor dieselfde groepie belastingbetalers moet opdok
- miljoene onwettige immigrante
- wanaanwending van hulpbronne deur middel van swak landsbestuur
- afnemende werkgeleenthede
- die agteruitgang van die opvoedkundige stelsel as gevolg van 'n toenemende gebrek aan fondse
- dalende standaarde
- die onderbreking van studies deur middel van stakings, politieke oproer en die afdwing van regstellende aksie
- openbare gesondheidsorg kan nie meer oorweeg word nie
- die hoë koste verbonde aan private gesondheidsorg
- die geweldige belastinglas
- toenemende finansiële druk om bestaande lewenstandaarde te verlaag

Natuurlik moet die gunstige aspekte ook in gedagte gehou word, naamlik:

- die bande met gesins- en/of familielede wat agtergelaat word
- talle vriende
- die ondersteuning wat hierdie persone bied
- 'n aangename klimaat

- bekende omstandighede
- huidige status en bekendheid
- jou hele geskiedenis en opvoeding
- 'n bekende omgewing
- 'n bepaalde lewenstyl
- die gemak van 'n huishulp en tuinman
- 'n groot woning en verskeie motors (waar van toepassing)
- 'n meer bekende omgewing om in af te tree
- 'n bekende werk- en finansiële omgewing

Die doel van hierdie onderwerp is nie om mense aan te moedig om Suid-Afrika te verlaat nie, maar om diegene wat reeds emigrasie oorweeg van die nodige finansiële inligting te voorsien. Ons doen dit kortliks aan die hand van die volgende vrae:

- Kan ek bekostig om te emigreer?
- Na watter land moet ek emigreer?
- Watter en hoeveel bates/kapitaal kan uitgeneem word?
- Wat gebeur met die bates wat agterbly?
- Kan ek inkomste vanuit agtergeblewe bates oordra na die buiteland?
- Moet ek my Suid-Afrikaanse bates in 'n trust plaas?
- Wat kos dit om te emigreer?
- Wat is die belangrikste oorwegings rakende Suid-Afrika?
- Wat is die belangrikste buitelandse oorwegings?
- Wat van die wisselkoers en die waarde van die rand?
- Hoe gaan ek te werk as ek wil emigreer?

9.1 KAN EK BEKOSTIG OM TE EMIGREER?

Die meeste mense wil graag na lande soos die VSA, Kanada, die Verenigde Koninkryk, Australië en Nieu-Seeland emigreer. Ongelukkig is daar sekere voorvereistes waaraan voldoen moet word, onder meer noue verbintenisse deur geboorte of voorouers. Net so is daar byvoorbeeld kapitaal- en inkomstevereistes wat deur sekere lande gestel word. As 'n land vereis dat jy R1 000 000 aan kapitaal daar moet inneem asook 'n paar honderd duisend rand aan inkomste moet verdien, kan nie enige persoon sommer net emigreer na enige land nie. Jou persoonlike welvaart is dus 'n voorvereiste vir emigrasie. Maak

eers seker watter finansiële en ander immigrasievereistes deur 'n bepaalde land gestel word voordat jy daarheen probeer emigreer.

9.2 NA WATTER LAND MOET EK EMIGREER?

Soos reeds genoem, sal jou finansiële posisie en familiestamboom bepaal of jy na 'n land kan emigreer al dan nie. Ander faktore is onder meer of jy 'n werk kan bekom; familie daar het om te help; die lewenstandaard en/of -gehalte wat jy daar sal kan handhaaf; of die land 'n immigrasieprogram het wat bepaalde immigrante lok; of die land 'n belastingooreenkoms met Suid-Afrika gesluit het ten einde dubbele belasting te vermy; en die wisselkoers wat sal geld tussen Suid-Afrika en dié land.

9.3 WATTER EN HOEVEEL BATES/KAPITAAL KAN UITGENEEM WORD?

Valutabeheerregulasies ingevolge die Reserwebank laat toe dat sekere banke (gemagtigde handelaars) met vreemde valuta handel. Die volgende items kan tot en met sekere finansiële beperkings (November 1998) die land uitgeneem word:

Item	Beperking (R)
Huishoudelike en persoonlike besittings	100 000
Motorvoertuie	100 000
Seëls, munte, Krugerrande	op versoek
Vestigingstoelaag vir 'n enkelpersoon	200 000
Vestigingstoelaag per gesin	400 000
Reiskoste per volwassene per jaar	100 000
Reiskoste per kind onder 12 jaar per jaar	30 000
Studiekoste per student per jaar	100 000
Studiekoste per student vergesel van 'n gade per jaar	200 000
Studentereistoelaag per student per jaar	30 000
Studentereistoelaag per student vergesel van 'n gade per jaar	60 000

Alle kapitaal wat ná 1 Julie 1997 deur natuurlike persone die land ingebring is, mag te enige tyd die land uitgeneem word. Let verder daarop dat 'n wewenaar/weduwee met afhanklikes as 'n gesin beskou word.

9.4 WAT GEBEUR MET DIE BATES WAT AGTERBLY?

Bates wat moet agterbly word geblokkeerde fondse genoem en kan onder meer soos volg aangewend word:

- daaglikse toelae vir besoeke aan Suid-Afrika
- reiskoste na en van Suid-Afrika
- beleggings in genoteerde Suid-Afrikaanse aandele
- herbelegging van effektetrusts in ander trusts
- betaling van agterstallige inkomstebelasting
- betaling van skool en tersiêre koste vir kinders wat agterbly
- betaling van eiendombelasting
- lidmaatskapsgelde van Suid-Afrikaanse klubs en verenigings
- betaling van versekeringspremies
- onderhoudbetaling ná skei
- betalings van rekeningkundige beamptes en prokureurs rakende Suid-Afrikaanse bates
- betaling van uitgawes vir lewensonderhoud tydens besoeke aan Suid-Afrika (R75 000 per gesin per jaar, R3 000 per dag per volwassene en R1 500 per dag per kind onder 12 jaar)
- betaling van hospitaal-, mediese en tandartsgelde tydens besoeke aan Suid-Afrika
- verbandbetalings op Suid-Afrikaanse eiendom
- skenkings en onderhoud aan derde partye in Suid-Afrika tot 'n maksimum van R100 000 per jaar

9.5 KAN EK INKOMSTE UIT AGTERGEBLEWE BATES OORDRA NA DIE BUITELAND?

Inkomste kan wel vanuit die buiteland (SA) verdien word en wel in onder meer die volgende vorme: rente; wins; dividende; inkomsteverdelings deur beslote korporasies; direkteursvergoeding; pensioen van 'n geregistreerde skema/fonds; kontantbonusse van versekeringspolisse; inkomste van 'n trust *mortis causa* (testamentêre trust); inkomste van 'n eiendomstrust; huurinkomste van onroerende eiendom; en pensioen vir aftrede as gevolg van ongeskiktheid of swak gesondheid.

Netto inkomste wat verdien word ten opsigte van Suid-Afrikaanse bates kan deur die normale bankkanale na jou in die buiteland oorgeplaas word. Tref dus

vroegtydig voorsorg om soveel bates moontlik in kontant of inkomsteproduserende beleggings te omskep voordat jy emigreer. Dit is veral belangrik indien jy dink (ná deeglike beplanning) dat jy dalk nie genoeg inkomste in die buiteland sal hê om van te leef nie.

9.6 MOET EK MY SUID-AFRIKAANSE BATES IN 'N TRUST PLAAS?

Sou jy dit in 'n trust plaas terwyl jy nog lewe (met ander woorde 'n trust *inter vivos* stig), moet jy die geweldige hoë koste rakende hereregte en oordragskoste vir onroerende eiendom betaal. Tans (1999) beloop hereregte alleen sowat 10% van die waarde van die eiendom. Dit kan dus kontantvloeiprobleme vir jou skep.

'n Trust kan wel boedelbelasting vir opvolgende geslagte bespaar. Stig eerder 'n testamentêre trust. Onthou egter dat 'n trust nie inkomstebelastingvoordele vir buitelanders bied nie.

9.7 WAT KOS DIT OM TE EMIGREER?

Direkte koste behels veral die verskeping van huishoudelike toebehore en 'n motor of motors. Vir 'n gemiddelde huishouding kan dit, versekering ingesluit, soveel as R50 000 beloop. Net so kan daar van 'n werklose Suid-Afrikaanse emigrant (sonder 'n tweejaarwerkpermit of permanente verblyf) verwag word om 'n verdere deposito by doeane te betaal.

9.8 WAT IS DIE BELANGRIKSTE OORWEGINGS RAKENDE SUID-AFRIKA?

Seker die belangrikste oorwegings is dié rakende jou aftrede. Maak seker of jou pensioen- of voorsorgfonds jou toelaat om kapitaal te onttrek as jy emigreer. Dit is dalk nodig vir jou om in die buiteland te wag vir hierdie kapitaal totdat jy die normale aftree-ouderdom bereik het. Vind gevolglik verder uit of jy nog dekking van jou groepvoordele sal ontvang.

Onthou verder dat jy tot die ouderdom van 55 jaar vir 'n uittree-annuïteit moet wag en dat 'n gedeelte of al die belastingvoordele verloor kan word as jy in die buiteland is. Dit is dus moontlik om jou premies te staak of om daarmee vol te hou oor die lang termyn, afhangende van jou behoeftes en doelwitte. Jy kan wel jou lewende annuïteit vir emigrasiedoeleindes aanwend.

Probeer om onroerende eiendom in 'n goeie eiendomsmark ('n verkopersmark) te verkoop of hou dit vir besoeke aan Suid-Afrika. Kry 'n eiendomsagent om jou eiendom(me) te bestuur.

Sou jy steeds oor besighede in Suid-Afrika beskik, is dit raadsaam om iemand met die nodige magte aan te stel om besluite te neem. Stel verder 'n kundige rekenmeester aan wat oor kennis van internasionale belasting beskik.

Koop tyddeel (RCI-gekoppel) en ruil dit later uit vir buitelandse tyddeel ten einde meer kapitaal/bates in die buiteland te kry.

9.9 WAT IS DIE BELANGRIKSTE BUITELANDSE OORWEGINGS?

Maak seker dat jy weet hoe die nuwe land se belastingstelsel werk. Kyk veral na die belasbaarheid van Suid-Afrikaanse beleggings en inkomste. Kies die land met die laagste belastingkoers en betaal daar belasting.

9.10 WAT VAN DIE WISSELKOERS EN DIE WAARDE VAN DIE RAND?

Sou jy na een van die sterker ekonomieë emigreer, sal jy gou uitvind hoe min die Suid-Afrikaanse rand daar werd is. Jou aftreegeld sal gevolglik baie min wees en ook baie min werd wees. Vergewis jouself dus voor jy emigreer van die invloed van die wisselkoers of die koopkrag van die lae rand op die res van jou finansiële toekoms.

9.11 HOE GAAN EK TE WERK AS EK WIL EMIGREER?

Raadpleeg eerstens jou bank en vind soveel moontlik uit oor emigrasie en hoe dit jou gaan raak. Kry die nodige vorms van die Reserwebank. Raadpleeg finansiële kenners van emigrasie en internasionale finansiële beplanning. Kry belastingklaring. Stel 'n rekenmeester, prokureur, bankbestuurder, of besigheidsbestuurder aan om jou pligte namens jou te verrig.

HOU DEURGAANS FINANSIËLE ONAFHANKLIKHEID NÁ AFTREDE IN GEDAGTE TYDENS JOU BEPLANNING EN VOORBEREIDING VIR EMIGRASIE

BRONNELYS

Older, N, Lambrechts, H & Still, L 1998. *Unit trusts handbook*. Johannesburg: Profile.

Swart, N J 1996. *Personal financial management*. Cape Town: Juta.

Swart, N J 1997. *Hoe om jou geldsake ná skool en universiteit te beplan*. Pretoria: Unisa Uitgewers.

HET JY 'N PAKKET OM TE BELÊ?

- Hierdie boek wys jou hoe om

- te besluit of jy 'n pakket moet neem of nie
- jou beleggingsomgewing te evalueer
- op 'n makelaar of adviseur te besluit
- die koste van 'n pakketbelegging te bepaal
- jou risikós, behoeftes en doelwitte te bepaal
- tussen 'n pensioen-, voorsorg-, vastevoordeel- en vastebydraefonds te onderskei
- jou pakket na 'n nuwe werkgewer oor te plaas
- 'n besigheid met jou pakket te begin of te koop
- jou pakket vir aftrede te belê
- buitelandse beleggings te maak
- jou beleggings-, inkomstebelasting-, boedelbeplannings- en aftredebeplanningsbesluit te integreer en slaggate te vermy
- jou pakketbelegging met jou huweliksgoederebedeling (HVK) te integreer
- jou pakket met betrekking tot egskeiding, insolvensie of emigrasie te hanteer

---

Nico Swart is vakhoof in Persoonlike Finansiële Bestuur en Eiendomswese by Unisa. Hy is weekliks by radiopraatjies betrokke, het verskeie boekbydraes gelewer, en het reeds meer as 150 artikels gepubliseer. Nico is ook die outeur van 'Hoe om jou Geldsake na Skool en Universiteit te Beplan' en 'Personal Financial Management'.

9 781868 881031

ISBN 1 86888 103 2